

OOOR DIE ONTWERP EN VERTOLKING VAN TAAL-
KAARTE NA AANLEIDING VAN ENKELE VOORBEELDE
UIT DIE AFRIKAANSE TAALATLAS.

deur

SARA SUSANNA SAUNDERS

VOORGELEË TER VERVULLING VAN 'N DEEL VAN
DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD M.A. IN DIE
FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE.

15 JUNIE 1966.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,
PRETORIA.

Ek wil 'n woord van dank rig aan my pro-
motor prof. S.A. Louw vir sy opregte
belangstelling en hulp. Aan my ouers
en my man wil ek baie dankie sê vir die
aanmoediging waarsonder ek die taak seker
nie sou voltooi het nie.

I N H O U D S O P G A W E.bl.HOOFSTUK I.

1 - 12

Geskiedkundige oorsig.

A. Voorlopers.

B. Grondleggers.

Die Junggrammatiker.

Georg Wenker.

Gillieron.

C. Taalgeografie.

D. Oorwegings vir opname in 'n Taalatlas.

HOOFSTUK II.

13 - 22

A. Opname van materiaal.

B. Die aanbieding van materiaal.

(i) 'n Impressionistiese weergawe
d.m.v. fonetiese skrif.(ii) 'n Oorsigtelike weergawe d.m.v.
isoglosse.(iii) 'n Praktiese metode d.m.v.
stempeltekens.HOOFSTUK III.

23 - 32

Die ontwerp van kaarte volgens die stempel-
metode.

A. Variante en die keuse van tekens.

B. Beklemtoneing van teenstellings.

C. Kleure en drukkoste.

D. (i) Die kleurkeuse swart.

(ii) Die samevatting van verskillende
groepe onder een kleur.

(iii) Arsering.

(iv) Kontoermetode.

(v) 'n Historiese perspektief.

(vi) 'n Oordeelkundige tekenkeuse met
betrekking tot kleurreservering.

/... E.

- E. Kleur en vorm.
- (i) Die driehoek.
 - (ii) Die sirkel.
 - (iii) Tekens in ligte kleure.
 - (iv) Onopvallende tekens.
 - (v) Wit en swart kaarte.
- F. Kleur- en tekensisteesem:
- (i) die Taalatlas van Noord- en Suid-Nederland.
 - (ii) die Duitse Taalatlas.

HOOFSTUK IV.

33 - 43

'n Bespreking van vier van die kaarte in die ATA. onder die volgende hoofde:

- A. 'n Klankkaart: Bobbejaan.
- B. 'n Woordkaart: Hoep-hoep.
- C. 'n Kaart as aanvulling by 'n verwante kaart: Die appelliepie-kaarte.

BIBLIOGRAFIE.

44 - 46

-----oOo-----

H O O F S T U K I.

GESKIEDKUNDIGE OORSIG.

A. VOORLOPERS.

B. GRONDLEGGERS.

Die Junggrammatiker.

Georg Wenker.

Gillieron.

C. TAALGEOGRAFIE.

D. OORWEGINGS VIR OPNAME IN 'N TAALATLAS.

A. VOORLOPERS.

'n Sistematiese dialektstudie het eers gedurende die laaste dertigerjare van die negentiende eeu ontstaan. Die oudste studies het bestaan uit:

1. Woordelyste, (of as dit kon, 'n woordeboek) na die voorbeeld van Pfarrer Stalders se „Versuch eines schweizerischen Idioticons“, Aarau 1912. Hierna volg daar verskeie soortgelyke studies. (van Ginneken p.14)
2. Die vertaling van dieselfde grondteks in verskillende dialekte, bv. Pfarrer Stalder se „Die Gleichisrede von dem verlorenen Sohne in allen Schweizer mundarten“ in 1819. Ook dit het oor die hele Europa navolgers gehad. (van Ginneken, p. 15). Wenker se veertig sinnetjies berus trouens ook op dieselfde beginsel; natuurlik is dit veel doeltreffender a.g.v. sistematiese vormvolledigheid. (van Ginneken, p. 15)
3. 'n Vrye bloemlesing van allerlei dialektiese poësie- en prosastukke van die broers J.A. en L. Leopold „Van de Schelde tot de Weichsel“ vanaf 1876-'81.

/.... 4.

4. Verskillende dialektydskrifte volg in 1881 en latere jare. Die vernaamste hiervan is Guido Gezelle se „Loquela“, Taco de Beer se „Onze Volkstaal“ van 1884-'90 en die „Driemaandelijksch tijdschrift“ wat allerlei woordelyste en grammatiese sketse bevat het.
5. Die vrugbaarste van hierdie studies was die bestudering van 'n plaaslike dialek in die volgende afdelings: klankleer, vormleer en sintaksis, en ook 'n woordelys. Hierdie lokale dialektstudies het die volgende kenmerke:
 - a. dit gee soveel moontlik detail van die bepaalde dialek;
 - b. alleen die afwyking van die landstaal trek hulle aandag;
 - c. hulle bly by 'n suiwer konstatering van feite.
(van Ginneken, p. 16)

B. GRONDLEGGERS.

'n Stelling kan gemaak word dat Grimm en Rask aan die een kant en Bopp aan die ander kant, deur hulle belangstelling in, en verkondiging van die klankwette indirek grondleggers was van die studierigting. (Dit is bekend as dialektologie, taalgeografie of dialekgeografie.)

Die klankwet-gedagte het aanleiding gegee tot die soek na vergelykingsmateriaal, wat naderhand noodwendig die lewende dialekte in die studie moes betrek.

So gebeur dit dat die ondersoekers van die vorige eeu, met hulle ondersoek van ou geskrifte, tog die studie van die lewende taal naderhand noodwendig moes gaan beoefen om die finale oplossing van hulle probleme te vind. Die Junggrammatiker, opvolgers van Grimm, Rask en Bopp, het dit hulle ten doel gestel om die stelling te

/... verdedig

verdedig van die uitsonderingloosheid van die klankwette. Hulle merk bv. op dat die „t” en die „s” mekaar oor 'n hele spraakgebied reëlmatig afwissel. Waar persone bv. in Nederduits sal sê water, ketel en beter; sê dié in die Hoogduitse gebied wasser, kessel en besser.

Georg Wenker slaan in 1876 'n nuwe rigting in, nl. om 'n groot dialekenquête vir die hele Duitsland op te stel om sodoende die dialekverskille vir die hele land op kaart te stel. Hy wou die genoemde „Ausnahmslosigkeit der Lautgesetze” bewys aan die hand van voorbeelde. Vir die doel stel hy veertig sinne op wat taalverskynsels bevat uit die woordeskat, klankleer, vormleer, sintaksis en woordvorming wat hy vir sy doel nodig ag. Hy stuur dit uit in die vorm van vraelyste aan al die skole in die gebied met die versoek aan die betrokke onderwyser om dit in die dialek van sy omgewing te vertaal. Die medewerking was so uitstekend dat vanaf 1876 tot 1888 meer as 46,000 antwoorde op vraelyste ingekom het wat die nodige informasie verskaf uit die omgewing van elke skoollokaal in Duitsland. (Taalgeografie, p. 25)

In 1881 verskyn die eerste aflewering met ses kaarte van die „Sprachatlas von Nord- und Mitteldeutschland auf Grund von systematisch mit Hilfe der Volksschullehrer gesammeltem Material aus zirka 30,000 Orten, bearbeitet, entworfen und gezeichnet von G. Wenker. Straszburg, Trübner. Later is die gebied uitgebrei, totdat in die tyd van Wrede en Mitzka 49,363 plekke verteenwoordig is. (Mitzka, 1952. p. 12)

Dit was reeds gou duidelik dat die taalkaarte nie die eenvormigheid van klankoorgange sou bevestig, soos die Junggrammatiker verwag het nie. Die resultate het aanvanklik heftige teenkanting uitgelok, en daar is algemeen

/... aanvaar

aanvaar dat hy òf in besit van foutiewe gegewens is, òf dat hy die gegewens gebrekkig vertolk. Verder word hulle verras deur 'n onvoorsienbare, hoeveelheid stof en nuwe probleme. (Taalgeografie, p. 26)

In die „Zentralstelle für den Sprachatlas des deutschen Reich's und deutsche Mundartforschung" in Marburg word nog altyd aan die stof gewerk. Die verwagting was dat die grenslyne van die verskillende kenmerke wat die dialekte van mekaar skei, almal moes saamval. Volgens die Hoogduitse klankverskuiwing gaan die „p" in 'n bepaalde posisie in 'n woord altyd oor tot „f" of „ff" (schlafen tot schlafen, Ape tot Affe), „k" altyd tot „ch" (maken tot machen). Dergelike wisseling moes dan in alle gevalle ter sprake wees volgens Martin, p. 24.

Uit Wenker se kaarte blyk dit nou egter dat die grenslyne vir geen twee gevalle presies saamval nie. Elke woord en elke taalvorm het sy eie verbreidingsgebied, sy eie grense. Dis nie net dat die grenslyne tussen „p" en „f" („ff") anders loop as dié tussen „k" en „ch" nie, maar ook vir die verskillende woorde die geval is, (bv. waar „p" oorgaan tot „f" („ff") val die grenslyne nie saam nie. Hiermee word die teorie van die klankwette omver gewerp, want ou en nuwe vorme kom langs mekaar te staan (vgl. baviaan en bojaan in die ATA. Afl. 1 No. 1)

In die 80-ger jare het Wrede by Wenker aangesluit en die materiaal verder gekontroleer en aangevul d.m.v. die direkte metode van ondersoek. Sedert 1920 het Wrede se leerling Frings, asook sy opvolgers Mitzka en Martin, die Duitse taalgeografie tot groot hoogte ontwikkel.

Gillieron bewys dat byna elke woord in alle klank-oorgange sy eie ontwikkeling het, en voortdurend struikel-

/... blokke

blokke op sy weg ontmoet, wat vir soortgelyke woorde met ongeveer dieselfde klanke geen hindernisse is nie. (van Ginneken, p. 20). Hierdeur het hy juis klem gelê op die fonologiese struktuur. Dat daar naas veranderings wat in 'n fonologiese struktuur pas ook veranderings is wat deur volksetimologie veroorsaak word, bewys hy. As 'n voorbeeld kan genoem word die fonetiese verandering van fl > kl bv. firmare (Latyn) > fermer (Frans), etimologie: fumier, fumer, fermer (sluit), fer < Latyn ferrum (die yster op 'n slot). Vidos, p. 42.

Gillieron se begaafde leerling Edmont besoek 639 dorpsgemeentes van Frankryk om 2,000 sinnetjies en woorde aan te hoor en in fonetiese skrif op te teken. Hiermee skep hy 'n geweldige taalkundige vergelykingsapparaat met meer as een miljoen dialekvorme. Dit gee dus 'n dwarsdeursnee, wat die sinkroniese taaltoestand weergee. Met Gillieron se werksmetode word die soeklig op die lewende taal gegooi, waar elke woord sy individuele bestaan voer.

Deur die ontdekking van geïsoleerde woorde op die randgebiede op grond van die A.L.F. en deur observasie van verstening van „lewe“, en die gevolglike opmekaarliggende verskillende lae, beoefen Gillieron wat miskien taalgeologie genoem kan word. Sulke interpretasies is sy belangrikste bydrae tot die taalgeografie. Dit word die nuwe beginsel waarvolgens dialekgeografe te werk gaan: nl. wat in 'n taal histories opmekaar volg, kan soms geografies naasmekaar aangetref word. Dit is eintlik die „teks“ waarvan 'n mens behoort uit te gaan wanneer jy die belang van die taalgeografie vir die taalgeskiedenis bespreek.

/.... C.

C. TAALGEOGRAFIE.

Kloeke publiseer in 1927 in sy werk „De Hollandse Expansie" die bekende huis-muis-kaart, wat vir ons die kardinale begrippe van die taalgeografie illustreer. Wat hierdie betrokke woorde betref, was die oorspronklike vokaal, histories gesien, -oe- en die woorde „hoes" en „moes" wat langsaam oorgegaan het na uu > ui, soos dit teenswoordig gebruik word in Nederlands „huis" en „muis". Al hierdie vokaalvorme is egter binne die bestek van 'n baie kort tydjie opgeteken sodat dit hieruit duidelik word dat vorme wat histories namekaar volg nou d.m.v. taalkaarte, d.w.s. geografies gesien, naas mekaar kan lê. Die taalkaarte gee 'n mens dus 'n dwarsdeursnee van die sinkroniese taaltoestand.

Waar De Saussure 'n belangrike onderskeiding aandui tussen sinkronie en diakronie in die taalkunde, toon Gillieron en die ander taalgeografe na hom, 'n duidelike verband tussen diakronie en sinkronie aan. Tot sover wat die „oe" en „ui"-vorme betref, is die taalgeografiese gevolgtrekkings nog versoenbaar met die wette van die Junggrammatiker, wat hoofsaaklik d.m.v. dialektlyste gewerk het.

Nou, a.g.v. die sinkroniese visie op die taallewe, soos geopenbaar deur die taalkaarte, is 'n nuwe faset geopenbaar wat 'n heilsame uitwerking op die historiese metodes gehad het, en dit vrugbaar aangevul het. Dit blyk toe, soos geïllustreer deur die „huis-muis"-kaart, dat daar wel ook tussenvorms kan bestaan, soos in hierdie geval aangedui word deur die „oe - ui" spraaklandskap.

Naas die suiwer taallandskappe soos die „uu - oe - ui"-gebiede word hier nog gemengdes ook aangetref.

/... Hierdie

Hierdie taallandskappe, soos die „uu - oe - ui“-gebiede, verskil weer van woord tot woord, al het hierdie woorde dieselfde veranderde klankvorm t.o.v. die bepaalde landskap wat elk van die woorde beslaan. Die uu-vorm in „huus“ beslaan op hierdie kaart van Kloeke 'n groter gebied as dieselfde vokaalvorm in „muus“. Die belangrike gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, in aansluiting by die onreëlmatige verspreiding van woordvorme, is dat elke taalverskynsel sy eie grense het; daarvan kan afgelei word dat elkeen ook sy eie geskiedenis moet hê.

'n Grenslyn soos dié tussen „huis“ en „huus“ byvoorbeeld, loop gewoonlik nie saam met 'n ander, soos tussen „muis“ en „muus“ nie: dit loop gewoonlik ook nie langs 'n distriksgrens of selfs 'n landsgrens nie. Op die kaarte van Heeroma se T.O.N., val die grenslyn tussen Nederland en Duitsland betreklik selde met 'n grenslyn tussen twee taalvorme saam. Die staatsgrens vorm in normale omstandighede geen ystergordyn nie; dit belemmer geensins die omgang tussen mense aan beide kante daarvan nie. Dieselfde is ook die geval met 'n natuurgrens; behalwe miskien in die geval van 'n gedugte bergreeks soos die Swart- of die Langeberge. „De historische blik onderscheid op de taalkaart geen grenzen, maar over elkaar schuivende vlakken, lagen.“ (Weijnen, „Hedendaags dialeckonderzoek“ in T.O.T., p. 63). Die juistheid hiervan blyk al uit die eerste kaart van die ATA.. Tussen bobbejaan (van die noorde) en bojaan (suide), is daar nie 'n grenslyn te trek nie, wel 'n lyn wat die bojaan-gebied bepaal. 'n Mens kan dus sê: meestal is die grens selfs nie eers 'n lyn tussen twee vorme nie, maar slegs die begrensing van een verskynsel.

/... Vroeëre

Vroeëre dialektoloë soos J. te Winkel het dit ten doel gehad om dialekte as eenhede teenoor mekaar te stel en saam te ondersoek soos in sy N.N.T.. Op sy tweede kaart oor die „Schakeering der Germaansche lange ‚I‘ of Nederlandsche ‚ij‘“, deel hy die land in 'n aantal definitief begrensde dialeklandskappe in, op kaart aangedui deur kleure.

Die grootste omwenteling op die gebied van die taalgeografie lê daarin dat die dialektoloë soos Gillieron in sy A.L.F., Jaberg en Jud in Ais., en Wenker in S.D.R. die afbakening van dialek teenoor dialek prysgegee het, en voorlopig net afsonderlike verskynsels te kaart stel. Wenker (S.D.R.) het sover gegaan om dikwels vir elke lettergreep van 'n woord 'n kaart te teken met die moontlikheid dus van twee of selfs drie kaarte vir een woord.

D. OORWEGINGS VIR OPNAME IN 'N TAALATLAS.

Dialeksprekers is gewoonlik in alle lande die minder ontwikkelde klasse. So sal ons ook in Suid-Afrika die meeste lokale afwykinge onder dié groep aantref. Die taalvorm (dialek) wat van die algemeen-beskaafde vorm afwyk, moet egter nie as 'n minderwaardige, korrumperte of verkeerde vorm beskou word nie.

Objektief beskou, is een vorm net so goed soos 'n ander omdat die vorm waarmee die begrip weergegee word arbitrêr is. 'n Vorm soos sleutel het alleen hierdie voordeel bo sluitel dat dit oor 'n groter deel van die land algemeen bekend is, en ook die gebruiklikste vorm is onder die ontwikkelde deel van die bevolking.

/... (Taalgeografie, p.16)

(Taalgeografie, p. 16). Vergelyk ook die geval van heuning teenoor hunning. „Mooi en lelik, wat die uitspraak betref, is bloot relatief 'n gril van die tyd, 'n modegier.... Vir ons mag uitsprake soos tjeent, tint, sjeel, vir kind, tent en geel plat klink, tuishorende by die laagste klasse van die volk; maar ons moenie vergeet dat die verfoeide van vandag die spog-uitspraak van more gaan wees nie." (Pienaar, p. 21). As voorbeeld hiervan kan genoem word die A.B. uitspraak van vleis en gemeente en daarnaas die minder gebruiklike vorme vlees en gemeinte in Afrikaans. (Sien verder Hoofstuk II, p. 18).

Wanneer daar vir dieselfde begrip twee woorde bekend is, die een die opkomende, die ander 'n woord wat aan verouder is, is dit van belang om beide op die kaart aan te bring. Vergelyk (ATA. Afl. 5 No. 22) die kaart van maswerk. Die ouer vorm maswerk het slegs bewaar gebly aan die suidelike punt van die Kaap en aan die kusgebiede. Oor die res van die gebied kom dit slegs sporadies voor. Die opkomende woord is hier kniehalter-slag (en variante). Dit kan verklaar word omdat die perd 'n baie groot rol gespeel het in die trek na die Noorde, terwyl seemansterme aan veroudering onderhewig was. Vergelyk ook die meervoud van ui (ATA., afl. 5 no. 25) waar uies, eies, eiens slegs sporadies voorkom. In albei gevalle, no. 22 en 25, is die woord wat aan verouder is, d.w.s. die oudste vorm, beklemtoon deur dit met rooi op die kaart voor te stel.

Terme wat aan die verdwyn is, is veral ook geskik vir opname, bv. moelvoor (ATA., afl. 5 no. 21) en hoi-hoi (ATA., afl. 7 no. 31). Laasgenoemde kan toegeskryf word aan die feit dat daar al hoe minder met osse

/... gewerk

gewerk word.

'n Woord uit die skryftaal verdien net vermelding op 'n taalkaart wanneer dit tegelykertyd 'n volkswoord in 'n bepaalde streek is. 'n Mens kan dan aanvaar dat dit as 'n volkswoord buite sy oorspronklike gebied verdere verspreiding gehad het. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die knapsekêrelkaart (ATA. afl. 1 no. 3). Dit kom in die suide gladnie as 'n volkswoord voor nie. Die wedevrou- en predikant-variante kom daar oorheersend voor. In die geval is dit daar 'n kultuurwoord, terwyl dit in die Transvaal tegelykertyd kultuurwoord en volkswoord is. Die misbredie-kaart (ATA. afl. 1 no. 4) lewer nog 'n voorbeeld. Die woord is in Transvaal en Noord-Vrystaat tegelyk volks- en kultuurwoord, teenoor ander variante soos hanekam wat eintlik 'n volkswoord is vir die res van die gebied. Kaarte wat 'n mens self nie van belang ag vir bepaalde ruimtelike probleme nie, moet liever nie gepubliseer word nie. „Het is niet verantwoord, een kaart waar de ontwerper zelf niet veel in ziet, toch maar de wereld in te sturen, in de hoop dat een ander er het belangrijke van zul kunnen ontdekken.” (Weijnen, p. 122).

Die tolletjie-kaart, (ATA. afl. 3 no. 11), lewer 'n paar interessante afwykings soos tol, houtjie, katrolletjie en rolletjie. Dit is egter nouliks die moeite werd om so 'n kaart te publiseer. Dieselfde geld ook vir die meervoud van oog (ATA. afl 2 no. 15) wat slegs oge en oke as afwykings toon. Vanuit die standpunt gesien dat 'n patroon belangrik is vir 'n kaart se oorsigtelikheid, en vanweë die feit dat die kaart slegs twee afwykings oplewer, maak dit die kaart nouliks die moeite werd om te publiseer. Dit is nie duidelik waarom die kaart

/...

gepubliseer is nie, behalwe as dit sou dien as 'n voorbeeld van die aantal woorde in Afrikaans wat dieselfde „g“-uitstoting toon soos in lager - laer hoger - hoër. Dit is wel van belang om een so 'n geval te publiseer om sodoende duidelikheid te verkry waar die grenslyn langs loop.

'n Mens het die plig om rekening te hou met wat die aktuele ondersoeker mog interesseer. Met die oog hierop volg 'n aantal voorbeelde uit manuskripte van die ATA. wat nie gedruk is nie omdat dit nie geskik is vir publikasie nie.

gaffel (vraelys 6 vraag 13)

Hierdie woord het heelwat variante wat verspreid oor die hele gebied voorkom soos vurk, drietandvurk, tweetandvurk, langsteelvurk, stelvurk, langtandvurk, masienvurk, yster-
vurk, steekvurk.

Strooivurk, dorsvurk, kafvurk, koringvurk, lusernvurk en gerwevurk.

Slegs die koring-, lusern- en gerwevurkvariante vorm 'n patroon waar dit voorkom in die blok KR wes van die Sederberge in die omgewing van die Heksrivier en Montagu. Die variante gaffel en hooivurk kom reëlmatig oor die hele gebied voor.

krokkodil (vraelys 7 vraag 4).

Hierdie woord het slegs 'n aantal minder interessante klankvariante gelewer waarvan sommige maar net variante op papier is. Die variante kom verspreid oor die hele gebied voor: Krokoedil, krokkedil, krokkidil, krokedil, krokodel en krokoedel.

Dieselfde geval is ook met vanmelewe, (vraelys 7 vraag 5a), wat tog wel interessante variante oplewer, maar wat verspreid voorkom, en dus nie aan die kaart 'n patroon gee

/... nie.

nie. Vergelyk die variante: vammelewe, vanmelee, vamlewe, vamislewe, vanslewe, vanslee, vanselewe, vansmelewe en ammelewe.

Met hierdie kort historiese aanloop is die taalkaart as sodanig in verband gebring met die taalwetenskap; is sy plek daarin aangewys en meteens ook sommige van die probleme aangeroer wat die taalkaarte moet help oplos. Die kwessie van grenslyne duik dadelik op, en hou ons steeds besig by die beskouing van die taalkaarte, wat ook die ontwerp bepaal en die voorstelling van die gegewens wat in 'n kaart gebring moet word. Hierdie laaste probleem vorm die tema wat met behulp van 'n aantal taalkaarte nader uitgewerk sal word. Dit is ook nodig om eers na enkele belangrike ouer taalatlasse te kyk om te sien hoe dieselfde probleem op verskillende maniere benader kan word.

H O O F S T U K II.

A. OPNAME VAN MATERIAAL.

B. DIE AANBIEDING VAN MATERIAAL.

(i) 'n Impressionistiese weergawe d.m.v.
fonetiese skrif.

(ii) 'n Oorsigtelike weergawe d.m.v.
isoglosse.

(iii) 'n Praktiese metode d.m.v. stempeltekens.

A. DIE OPNAME VAN MATERIAAL.

Die opname van die materiaal kan uiteraard op verskillende maniere plaasvind, na gelang 'n mens op verskillende onderafdelings van die taalwetenskap klem wil lê. Die indrukwekkendste prestasie op die gebied van die studie van taalklanke, is die Weense fonogramargief, (T.O.T. Weijnen, p. 61) asook die „Lantbibliothek der deutschen Mundarten" van Zwirner en Beetge. In Nederland by die dialekkommissie te Amsterdam, sowel as in Groningen is dialekgrammafoonplate beskikbaar. (T.O.T. Weijnen, p. 61)

Dit is duidelik dat vir die hedendaagse dialekkon-
soek die bandopname die gewildste is. 'n Band bewaar
'n opname beter as 'n grammafoonplaat omdat dit herhaalde-
lik gespeel kan word sonder dat daar so gou van die
kwaliteit verlore gaan. Wanneer dit dus gaan oor die
studie van taalklanke, lewer die bandopname 'n ideale
metode, vergelyk die deeglike wyse waarop fonetiese
transkripsies van die band af bestudeer kan word.

'n Skriftelike weergawe van die woordeskat word
makliker op papier opgeneem. 'n Bandopname is egter
/... netso

netso geskik om dergelike probleme te bestudeer.

B. DIE AANBIEDING VAN MATERIAAL.

- (i) 'n Impressionistiese weergawe d.m.v. fonetiese skrif.

Dit bring ons dan by die aanbieding van die materiaal. Diegene wat 'n noukeurige weergawe wil gee, moet die dialekmateriaal letterlik en onveranderd op die kaart aanbring. Dit is dan ook die sisteem wat deur prof. Blancquaert toegepas is, in navolging van die Franse dialektoloog Gillieron. Hiermee dus 'n volkome ongeretoueerde, impressionistiese weergawe van die antwoord op die enquete. Die materiaal word deur middel van fonetiese skrif op die kaart aangebring. Vir die bewerker van die kaarte is laasgenoemde die eenvoudigste metode.

Die metode is ook aangewend deur:

- (a) Jaberg en Jud in die Ais. waarvan die eerste deel in 1928 verskyn het, en in 1942 voltooi is met 1681 kaarte. (van Ginneken, p. 21)
- (b) Benneke en Kristensen in Denemarke, vanaf 1898 tot 1912 lewer hulle 100 kaarte (van Ginneken, p. 21)
- (c) Weigands in Duitsland lewer 67 kaarte in 1909. (van Ginneken, p. 21)
- (d) Onder leiding van Jaberg en Jud verskyn daar nog 'n atlas vir Italië, (die vorige atlas vir Italië was volkskundig georiënteerd onder leiding van Bottiglioni in

/.... 1933

1933) waarin veral aandag gegee word aan vaktale, en agtereenvolgens in vier dialekatlasse vir die noordweste, -ooste, suidweste en -ooste verskyn. Hierdie voorbeeld word ook deur die Poolse atlas gevolg wat in 1940 verskyn. (van Ginneken, p. 22)

(e) Pascarni, Pop en Petrovici besluit om naas Weizands se eerste proef 'n groot Romeense taalatlas te onderneem. Daar begin onder leiding van genoemde drie in 1936 'n nuwe „Romeense Taal- en Zaakatlas te verskyn.“ (van Ginneken, p. 22)

(f) Die metode is ook aangewend in die „Linguistic Atlas of New England (L.A.N.E.) onder leiding van Hans Kurath.

In genoemde atlasse word die fonetiese alfabet van die Internasionale Fonetiese Vereniging gebruik.

Om groter akkuraatheid en detail aan 'n kaart te verleen word in die L.A.N.E. van bykomende stempeltekens soos die volgende gebruik gemaak:

- (a) Om bv. huiwering, onsekerheid of onvermoë by die segsman om 'n bepaalde term te onthou, aan te dui.
- (b) Die spontane gebruik van 'n woord wat nie betrekking het op 'n vraag nie.
- (c) 'n Geforseerde antwoord, wanneer dit nie in die segsman se gewone taalgebruik voorkom nie.

Daar word ook van plaasvervangende stempel-
/... tekens

tekens gebruik gemaak om die herhaling van identiese woorde te voorkom, bv. ~ wanneer dit nodig is om 'n woord of woordgroep te herhaal sonder 'n verandering bv.

hæf pæst sevən ; ha:f pa:st ~

Blancquaert gee ook voorkeur daaraan om stukkie van die sin by te voeg, omdat andersins die begin en einde van 'n woord soms onseker is. So kan ook makliker die invloed van sandhi en sinsritme afgelei word.

'n Nadeel aan hierdie metode verbonde, is dat in gevalle van 'n digte bevolking daar te kampe is met 'n tekort aan skryfruimte. Dit is dus baie duur om so 'n kaart te druk omdat dit uitermate groot van formaat moet wees.

Volgens Weijnen in T.O.T. p. 62, is daar hoofsaaklik twee oorweginge daarteen: die onoorstigtelikheid van so 'n kaart, en die noodsaaklikheid van 'n groter formaat van die uitgawe. Weijnen sê verder: „de winst aan betroubaarheid, aan dokumentaire waarde waardoor het onnodig word de archieven van de betrokken dialectcentrale steeds opnuut te controleren, is onvoorstelbaar groot. (T.O.T. p. 62). Hy erken dat hy sonder die uitgawe van Pee se atlas van fonetiese nuanses, nooit die groot oorsigkaart in sy „Nederlandse Dialectkunde" die isoglosse van die Wes-Vlaamse weergawe van die oergermaanse „g" sou kon trek nie. (T.O.T. p. 62)

Hierdie probleem kan maklik verhelp word deur die antwoorde in fonetiese skrif aan die

/... taalkaarte

taalkaarte toe te voeg. In die ATA. is die antwoorde agterin opgeneem; dit kan netsowel foneties wees. Dit is egter net moontlik wanneer 'n opgeleide fonetikus daarmee gemoeid is. Daar by kan ook al die bykomende stempeltekens opgeneem word waarvan die L.A.N.E. gebruik maak. Teveel dergelike informasie op die taalkaarte self, maak hulle onnodig onoorstigtelik.

Indien die ATA. van bg. metode gebruik sou maak (d.w.s. fonetiese skrif vir bykomende antwoorde en bykomende simbole) sou die wins aan noukeurigheid ewe goed met die impressionistiese metode vergelyk.

- (ii) 'n Oorsigtelike weergawe deur middel van isoglosse.

Wanneer 'n aantal ooreenstemmende vorme in 'n redelik aaneengeslote gebied saamval, vorm hulle 'n spraakgebied, en die grenslyne is bekend as isoglosse. Gewoonlik word daar nog geïsoleerde vorme op die randgebiede aangetref. Dit is soms relikte uit 'n vroeër stadium, omdat die kanse van vermenging en gelykmaking gewoonlik as gevolg van isolasie maar uiters gering is. (Vergelyk die sterk behoudende element in die taal van die Namakwalanders.)

Sulke geïsoleerde vorme kan egter ook van jonger invloed wees. (Vergelyk die invloed van inboorlingtale in die ATA.) In 'n geringe mate kan 'n mens praat van relikte in Afrikaans. Die geval is meer van toepassing

/... op

op Europese toestande as by ons, omdat die mense nie so baie rondgetrek het soos wat die geval by ons is nie.

Daarom is dit minder juis om die vorme wat slegs weinig voorkom, op die kaart uit de laat en na 'n kommentaar te verwys. Hierdie vorme kan, as dit in grensgebiede bymekaar voorkom, uit hierdie situasie verklaarbaar wees. In ander gevalle kan dit miskien as 'n reaksie op die ontwikkeling wat plaaslik tot gelykluidende woorde lei, verklaar word.

Met die Ohd. tweeklank „ai” soos in flaisch (⁺ 300 nC.) kan 'n mens so 'n interessante voorbeeld illustreer. Ug. flaih-sk > Ouf. fleisc > Mnl. vleesch.

Die „ai”-klank het deur assimilasie ontwikkel tot „ei” en is verder omvorm tot „ee” soos in die algemene Afrikaanse gebruik van vleis naas die minder gebruiklike vorm vlees. (Le Roux verw. 87, Afrikaanse Fonetiek verw. 206 Verwijs en Verdam.) Naas hierdie woordpatroon is die klankgeskiedenis van dieselfde Ug. klank met dieselfde ontwikkeling totaal anders in 'n ander woord. Vergelyk bv. Ohd. gemainte wat oorgaan na gemeinte, en later weer oorgaan na gemeente. (Soos in Afrikaans waar dit die gebruiklikste is naas gemeinte wat minder gebruiklik is.) Sinkronies, d.w.s. naas mekaar, kry 'n mens dan meer as een woordvorm op 'n kaart (kokkewietkaart, ATA. afl. 6 no. 30, daarvan die variante kokkewiet en kokkewyt.)

/.... Daar

Daar is 'n groot beswaar aan verbonde om kaarte met isoglosse te teken. 'n Mens is maklik geneig om die neiging van een woord in 'n oorgangsgebied as 'n norm te beskou. Vergelyk die teenoorgestelde geval van die etimologiese verwante soos die Ohd. tweeklank „ai” wat enersyds tot „ei” soos in vleis, en andersyds tot „ee” soos in gemeente ten gevolge gehad het.

Dikwels maak 'n isoglos die indruk dat dit 'n grenslyn tussen twee gebiede is, terwyl dit in werklikheid die begrensing van 'n enkele verskynsel ten doel het.

Met 'n suiwer diakronies gerigte belangstelling kom 'n mens tot ander insigte. Louw trek isoglosse by relikte in „Dialekvermenging en Taalontwikkeling”, en wel so dat die isoglosse soveel as moontlik die gebied afbaken, waarvan die oudste taallaag nog op die kaart sigbaar is.

'n Historiese blik op die taalkaart onderskei eintlik geen grense nie, maar oormekaarskuiwende lae. Vergelyk die bobbejaankaart (ATA., Afl. 1 No. 1) waar alle stadiums van die ontwikkeling wat 'n woord deurgemaak het, opgeteken is. Van Ginneken het dit dikwels in sy kaarte probeer uitbeeld, bv. die kaart van „groen in O.T.I., 113”, waar die „groen”-gebied duidelik as 'n vlak geteken is. (T.O.T., p. 63). Volgens Weijnen (T.O.T. p. 63) het Goossens onlangs dieselfde gedagte geformuleer.

/... Daar

Daar is egter verskynsels wat 'n mens nie met isoglosse kan beperk nie. Volgens Weijnen p. 120 se „hiel“-kaart is daar in plaas van 'n grens tussen „hiel“ en „hak“ 'n menggebied. Daar is dikwels 'n grenssone (of menggebied), groter of kleiner, na gelang van die gegewens. As daar weinig plekke met doublette is, kan dit aangetoon word, andersins word dit 'n onbegonne taak.

(iii) 'n Praktiese metode deur middel van stempeltekens.

Vir praktiese redes egter, gee Kloeke (Album Grootaers p. 102) voorkeur aan 'n ander kartografiese metode. Dit word al jare deur prof. Grootaers en sy leerlinge toegepas. Dit is ook van toepassing op die Duitse Taalatlas en die ATA..

Hiervolgens word elke dialektiese vorm op die kaart deur 'n stempel verteenwoordig. Dit het die voordeel dat die kaartleser dadelik 'n geheelindruk kan kry; dat hy hoof- en bysake kan onderskei en maklik die verskillende situasies op verskillende kaarte met mekaar kan vergelyk, soos in die volgende geval:

Die Middelnederlandse lang „ie“ het gedurende die 16de en 17de eeue tot „y“ oorgegaan. Ons weet egter nie goed wat die posisie in hierdie opsig was in die vroegste geskiedenis van Afrikaans nie. Daarom is dit belangrik om op die kokkewietkaart, (ATA. afl. 6 no. 30) te sien dat daar 'n gebied is waar die uitspraak deurgaans „kokkewyt“ is. Dit werp lig op die tydperk toe Afrikaans gevoelig was vir die oorgang van

/...„ie“

„ie“ na „y“. (Inleiding by ATA.)

Dit is egter duidelik dat by die stempelmetode die subjektiewe interpretasie 'n gevaar kan vorm in die opsig dat plaaslik-belangrike verskynsels daardeur misken, òf op die agtergrond geskuif kan word. Die kaartleser moet dit altyd voor oë hou.

Aan die anderkant egter, blus te veel aangebore feitemateriaal op kaarte die lus vir selfstandige ondersoek, of soos Mitzka p. 60, dit stel „Der Sprachatlas soll Forschungsmittel und nicht ein Abschluss sein.“

Die funksie van 'n gestempelde kaart vergelyk Kloeke met 'n lugfoto. „Allerlei wegen, oude waterlopen, plattegronden van kastelen, verdronken dorpen enz. zijn daarop aan het licht gekomen. (Album Grootaers, p. 103). Erens op die landskap word die oorblyfsels van 'n kasteel vermoed. In plaas van om dadelik die situasie van naderby in oënskou te neem, word eers 'n geheelindruk van objek plus omgewing gekry. Later wanneer interesantheide opduik, vind 'n detailondersoek plaas, waarvan die „lugfoto“ ten eerste die gids was.

'n Mens gaan uit van die standpunt dat die stempel slegs betrekking het op die stempelmiddelpunt, en terselfdertyd ook die middelpunt is van die bepaalde gemeenskap. In die digbewoonde gebiede is dit voor die hand liggend dat 'n groter maatstaf gebruik moet word.

Kloeke bepleit 'n eenheidsprogram, maar besef dat daar van 'n alleensaligmakende metode
/... nie

nie sprake is nie. (Album Grootaers, p. 104).
Die meer massale karakter van die stempelkaarte
kom eweveel tot sy reg as die gedetailleerde kaarte
met geskrewe teks. (verg. p.17)

Die waardering van beide metodes vertoon
'n verwantskap met dié van die skriftelike en
mondelinge vraelys. Daar is voor- en nadele aan
verbonde. Die stempelmetode is gevolglik ook nie
sonder foute nie. Niemand sal beswaar hê om
variante van bloot grafiese aard te verenig nie,
maar elke filoloog weet dat dit nie altyd moontlik
is om te beslis of 'n mens slegs met spellings-
verskille te make het, en of dit belangrike uit-
spraakverskille ten grondslag het nie. „Gaat men
echter eenmaal interpreteren, dan moet men daarmee
ook het risiko van vergissingen en onjuistheden
aanvaarden". (Kloeke: Voorberig by die eerste
aflewering van Ndl. T.A.)

Hiermee word egter nie bedoel dat sodanige
foute verklein sal word deur fonetiese tekens te
gebruik nie. 'n Mens kan nooit 'n noukeurige
fotografiese opname van 'n taallandskap gee nie.

H O O F S T U K III.

DIE ONTWERP VAN KAARTE VOLGENS DIE STEPELMEETODE.

- A. VARIANTE EN DIE KEUSE VAN TEKENS.
- B. BEKLEMTONING VAN TEENSTELLINGS.
- C. KLEURE EN DRUKKOSTE.
- D. (i) Die kleurkeuse swart.
(ii) Die samevatting van verskillende groepe onder een kleur.
(iii) Arsering.
(iv) Kontoermetode.
(v) 'n Historiese perspektief.
(vi) 'n Oordeelkundige tekenkeuse met betrekking tot kleurreservering.
- E. KLEUR EN VORM.
- (i) Die driehoek.
(ii) Die sirkel.
(iii) Tekens in ligte kleure.
(iv) Onopvallende tekens.
(v) Wit en swart kaarte.
- F. KLEUR- EN TEKENSISTEEM:
- (i) die Taalatlas van Noord- en Suid-Nederland,
(ii) die Duitse Taalatlas.

A. VARIANTE EN DIE KEUSE VAN TEKENS.

Die maak van stempelkaarte verg heelwat sorg en behendigheid. Nie alleen kan daar vir elke hoof tipe 'n kleur gereserveer word nie, maar binne die bepaalde tipe moet verwante tipes of variante met 'n gelyksoortige teken aangedui word. Voordat 'n mens dus die teken definitief kies, is dit nodig om eers 'n studie van die

/... vorme

vorpe (variante) te maak.

B. BEKLEMTONING VAN TEENSTELLINGS.

By die ontwerp van kaarte moet gelet word op die moontlike teenstellings wat beklemtoon kan word om 'n duidelike patroon aan die kaart te gee. Dit maak 'n kaart aanskoulik en interessant. Sonder 'n patroon is 'n kaart meestal nie geskik vir publikasie nie, behalwe miskien as dit besondere leksikografiese gegewens oplewer soos bv. die hoephoep-kaart (ATA., afl. 1 no. 2).

Die hokaai-kaart toon duidelik die teenstelling ho (wes) / ha (oos) en verder honou (wès) / hanou (oos), ho-dan (wes) / ha-dan (oos). Ha is nie verder opgeteken as KS 61 nie; dit kom algemeen voor van 'n lyn LS 15 / KS 75 af na die ooste en die hele noorde van die Republiek. In hierdie gebied is ho (in die suide) slegs op enkele plekke opgeteken. In die noorde kom ho wel meer voor, maar word duidelik oorheers deur ha. Daar is dus 'n duidelike teenstelling.

C. KLEURE EN DRUKKOSTE.

By kaarttekening het 'n mens met allerlei tegniese probleme te kampe. Wanneer daar met kleure gewerk kan word, vergemaklik dit die beeldlesing. Die drukkoste is in 'n hoë mate afhanklik van die aantal kleure. Die kaart gaan naamlik soveel keer deur die drukpers as wat daar kleure op voorkom. Hierin lê die oorsaak dat enkele groepe van tekens in een kleur gedruk word. Die lewerik-kaart (ATA., afl. 6 no. 29) lewer hier 'n goeie voorbeeld. Vir die volgende variante word die kleur blou gebruik:

/... a.

- a. Die vlakvoëltjie-variante (noord- en wes-Transvaal).
- b. Die klap-klappie-variante wat oor die hele gebied voorkom.
- c. Die perwee-variante wat slegs sporadies voorkom.
- d. Die ourooi-variante wat in Namakwaland voorkom.

Om die oorsigtelikheid van so 'n kaart te verhoog sou dit beter gewees het om vir die vlakvoëltjie- en ourooi-variante aparte kleure te kies. Dit sou egter die drukkoste verhoog. Bowendien moet 'n mens daarteen waak om die kaart nie onnodig bont te maak nie. Die probleem is hier effens opsy geskuif deur twee wyduiteenlopende tekens te kies naamlik 'n sterretjie en 'n sirkelvariasie.

D. DIE KLEURKEUSE.

Daar is praktiese- en wetenskaplike oorweginge ter sake by die ontwerp van 'n kaart. Kleure en tekens moet so gekies word dat swart, as neutrale kleur, aan die kaart 'n agtergrond verskaf van klein, onopvallende tekens wat nie aan die kaart 'n patroon gee nie. Dit moet ook nie die patroon wat deur die ander kleure uitgebring word, laat vervaag of verwarring veroorsaak nie. Dit is dus aangewese vir variante wat 'n mens nie kan weglaat nie. Dikwels is dit variante wat om die een of ander rede tot die vertolking van die kaart self nie veel by te dra het nie. Dit kan wees omdat dit bv. algemeen oor die hele taalgebied voorkom, byvoorbeeld die flap (ATA., afl. 4 no. 20); daarvan die variant kaffervink. Andersins word variante wat net sporadies voorkom, bv. die misbredie (ATA., afl. 1 no. 4), soos die variante sydissel, katstert en ostong ook met swart aangedui. 'n Verskeidenheid van onverwante gegewens word op die wyse met swart simbole voorgestel. Dit word gewoonlik

/... dan

dan ook eerste op die kaart aangebring.

Oor die samevatting van verskillende groepe onder een kleur bestaan meningsverskil. Op kaarte van die Leidse taalAtlas is dikwels aan twee kleinere groepe een kleur gegee. Verg. die keldermot-kaart, (Ndl. T.A. afl. 1 no. 3,) daarvan die variante köd, varkensluis en kelderworm. In die Amsterdamse reeks word meestal alle kleiner groepe onder een kleur saamgevat.

Op die knapsekêrel-kaart, (ATA., afl. 1 no. 3) word ses kleinere groepe deur swart aangedui, nl. kakie-, duiwels-, klits-, boesman- en sydissel-variante. Daarby kom die reeks onverwante variante wat sporadies oor die hele gebied voorkom. Die ATA. stel soms die variante uit inboorlingtale afkomstig voor deur 'n letter in swart, bv. die duisendpootkaart (afl. 2 no. 9), variante soos bokolodie en zongololo, ook die misbredie-kaart (afl. 1 no. 4) variante maroggo, umbito, nombi en kute.

Op die motreën-kaart egter, (ATA. afl. 4 no. 16), vorm variante uit die Bantoetale 'n mooi patroon. Die Zoeloe-invloed met die variant kiesa strek vanaf Pietermaritzburg en toon 'n interessante oorheersende verspreiding deur Natal tot in die Oos-Transvaal (GW, GX, HW, HX.) In plaas van die gewone swart, is hier 'n prominente kleur soos rooi gekies, en stempels daarby wat duidelik onderskeibaar is.

Wanneer 'n mens 'n kaart nie onnodig bont wil maak deur van te veel verskillende kleure gebruik te maak nie, kan daar deur die metode van arsering in dieselfde kleur onderskeid gebring word. Met arsering word die verduideliking van 'n bepaalde probleem aan die hand van kleiner sketskaartjies bedoel. In gespesialiseerde studies van die Gentse skool bv. oor die Oudgermaanse „u” is bg.

/... metode

metode gebruik. (Album Grootaers, p. 102.) Roukens maak bv. die grondkaart ligblou of gryns, ook latere kaarte van die Leeuwense dialeksentrale en die „Reeks Nederlandse dialekatlassen.“ Laasgenoemde is handiger as die hantering van los deurskynende blaaitjies. (Pausenblätter.) (Weijnen, p. 120.) Volgens Kloeke in sy voorwoord by die Ndl. T.A. is dialekkaarte met arsering en die „vlakkenmetode“ op die lang duur onverenigbaar met die eise van die objektiewe wetenskap.

Op die eerste getekende kaarte van die Ndl. T.A. bv. aarbei, ganzen en rug, is gebruik gemaak van die kontoer metode. Dit is die swart omlýning om gekleurde tekens. Hiermee kan 'n mens nog heelwat meer teken- en kleurnuanses verkry, maar dan is die resultaat van die drukproses minder bevredigend. Van hierdie metode is deur bg. atlas afgesien omdat die kontoerlyne onakkuraatheid t.o.v. die begrensing van 'n bepaalde teken ten gevolge gehad het.

Bogenoemde metode kan wel met sukses gebruik word wanneer ligte kleure soos geel van toepassing is, bv. de zeis in die Ndl. T.A. (afl. 1 no. 13), en die duisendpootkaart (ATA. afl. 2 no. 9). Deur die gebruik van 'n kontoerlyn word aan die onopvallende kleur 'n groter prominensie verleen.

Dit kan 'n gewoonte word om aan sekere kleure 'n bepaalde waarde te heg. In die Ndl. T.A. word die oudste variante deur rooi voorgestel (byv. die kaart van die manlike kat - Ndl. T.A. afl. 2 no. 15.) en daar kan dan aan so 'n kaart 'n historiese perspektief gegee word. Pop en Heeroma gebruik die kleur rooi in hulle atlasse om die hoofprobleem op die voorgrond te plaas; respektiewelik die Latynse herkoms en die Wesfaalse expansie.

/... So

So beskou, wyk die bobbejaankaart (ATA. afl. 1 no. 1) se keuse van rooi wel af van die Ndl. T.A., maar kom weer ooreen met Pop en Heeroma. Die bojaan-variant word deur rooi voorgestel. Dit is 'n jonger ontwikkeling as die ander (vergelyk die bobbejaankaart bespreking Hoofstuk IV p. 33.)

Hier is die rooi gekies vir die bojaan-variant omdat dit eintlik as 'n sjibbolet in Bolandse Afrikaans opgevat kan word.

Wat die rooi-kleurkeuse in verhouding tot historiese perspektief aanbetref, is daar in die laaste aflewering van die ATA. 'n definitiewe beleidsverandering te bespeur. Rooi word nou voor die voet gebruik om die oudste variant op die kaart voor te stel.

- a. Die wilde- en mak-appelliepie-kaarte (ATA. afl. 6 no. 26 en 27) waar die oudste variant appel-de-liefde is.
- b. Die kaart vir 'n dik sny brood, (ATA. afl. 6 no. 28) waar die oudste variant rantsoen kan wees.
- c. Die lewerik-kaart, (ATA. afl. 6 no. 29) waar die oudste variant leeurik kan wees.
- d. Die kokkewietkaart, (ATA. afl. 6 no. 30) waar die oudste vorm kokkewyt kan wees.

Vergelyk daarenteen die bobbejaankaart (ATA. afl. 1 no. 1) en die motreënkaart (ATA. afl. 4 no. 16.): by lg. word die variante van inboorlingtale deur rooi voorgestel.

Wanneer daar heelwat kleinere groepe is, soos op die duisendpootkaart (ATA. afl. 2 no. 9,) wat 'n duidelike patroon vorm, is dit jammer dat 'n prominente kleur nie gegee is aan die roloppie / roltoes variante nie. Die drukkoste van so 'n onderneming moet egter altyd voor oë

·/... gehou

gehou word. Deur 'n opvallende tekenkeuse in swart, gee bogenoemde kaart nogtans 'n goeie beeld van die werklikheid, met die nodige verskeidenheid tekens.

Dit sou wenslik wees om 'n kleur soos blou of rooi net vir een variant of groep verwante variante te gebruik. Op die gebied is soms gesondig in die ATA. soos in die geval van die kollekteerkaart (afl. 2 no. 6.) Die variante kollek / kollekt / koelek / kellek kom hoofsaaklik voor in 'n gebied in die suide wat strek vanaf KR 51 (Moorreesburg) in 'n strook ooswaarts langs die kuslyn tot by KU 60 langs die Sondagsrivier. Die variante kwaliteer / kwaletteer / kwalikteer / kwalakteer kom weer voor in die Oos-Vrystaat en oor die hele Transvaal. In die geval is die kleur rooi vir beide gevalle gebruik omdat dit v^{er} van mekaar af voorkom op die kaart. Die oordeelkundige tekenkeuse bied 'n bykomende oplossing omdat dit prominent is, nl. 'n sirkel en 'n driehoek. Die kaart is aanvaarbaar soos dit is en gee 'n duidelike beeld van die verspreiding. Die gebruik van blou, groen, geel en grys is willekeurig en is gewoonlik van toepassing op variante wat in belangrikheid afneem.

E. KLEUR EN VORM.

Ewemin as vir die kleure is daar 'n sisteem vir die tekenvorme wat gebruik word. Tog is daar redes aan te voer waarom tekens in bepaalde gevalle gekies word. Wanneer 'n woord baie klankvariante het, moet dié teken op baie maniere gevarieër kan word. Kleure en tekens word gekies om bepaalde variante-vorme te aksentueer. 'n Klomp variante wat na aan mekaar staan, en almal deur dieselfde kleur voorgestel word, kan bv. 'n driehoek kies vir 'n primêre vorm. Die driehoek staan direk op

/... die

die basis met die punt na bo. Vorme wat daaruit ontwikkel het, kan deur 'n omgekeerde driehoek (met die punt na onder) of 'n strepie deur die driehoek voorgestel word, bv. op die knapsekêrelkaart (ATA. afl. 1 no. 3,) die klitsvariante. Vergelyk die verdere groot variasie wat 'n driehoek bied, nl. nege variasies op die misbrediekaart, (ATA. afl. 1 no. 4).

Naas die driehoek bied die sirkel ook groot moontlikhede. 'n Mooi voorbeeld hiervan vind ons op die onkruidkaart (ATA. afl. 4 no. 18,) waar die vuilgoedvariant vyf verwante vorms het, en met vyf duidelik onderskeibare variasies van die sirkel aangedui word. 'n Ander voorbeeld is ook die varkblomkaart (ATA. Afl. 4 no. 19,) ~~waar~~ die vyf varkblomvariante ook deur 'n ander tekenvariant van die sirkel aangedui word. In 'n digbewoonde gebied sal die tekens na aan mekaar te staan kom. In so 'n geval word dan kleiner tekens gekies, wat egter minder variasie toelaat.

Tekens in ligte kleure, bv. oranje en geel, moet groot of gevul wees om duidelik sigbaar te wees. Kleure soos liggeel moet 'n kontoerlyn hê, vgl. de Zeis (Ndl. T.A. afl. 1 no. 13) en die oorkruiperkaart, (ATA. afl. 2 no. 8).

Omgekeerd is groot gevulde tekens in swart nie gewens nie, omdat dit te midde van die ander te veel aandag trek. Dit kan ook ander tekens bedek omdat swart nie deursigtig is nie (soos bv. rooi.) Vir woorde - en klankvorme wat slegs hier en daar of tesaam in 'n klein gebied voorkom, word opvallende tekens verkies. Vir groot gebiede met dieselfde klank - of woordvorme, word weinig opvallende tekens gekies. Dit is gewoonlik

/... verkieslik

verkieslik vir A.B.-vorme wat oor die hele gebied voorkom.

Waar by sommige kaarte slegs van 'n paar variante sprake is, soos bv. die kaarte vir die koffiemeul, (ATA. afl. 2 no. 7,) en die meervoud van oog, (ATA. afl. 3 no. 15,) is dit voldoende om die beskikbare tekens slegs in swart aan te bring. Hier speel die tekenkeuse 'n belangrike rol. Op die koffiemeulkaart bv. is die A.B.-vorm deur 'n l aangedui. Dit vorm 'n mooi teenstelling met die meule-, meulens-, meules-variante wat deur 'n blokkie voorgestel word. Dit is dus 'n skraal vorm gestel teenoor 'n vol vorm.

F. KLEUR EN TEKENSISTEEM.

By wyse van vergelyking met die ATA. kan ons net kortliks kyk na twee kaarte van 'n ander herkoms. Die ATA. toon 'n groot ooreenstemming met die Ndl. T.A. By wyse van illustrasie verwys ek hier na 'n paar stempeltekens en die kleurkeuse na aanleiding van die kaart vir die manlike kat (Ndl. T.A. afl 2 no. 15)(skaal 1:1,000,000). Hier is gebruik gemaak van swart /\ (kater) en variante √A vir die A.B.-vorm wat verspreid oor die hele gebied voorkom.

Rooi ∇ (koater) en variante ∇ ∇ ∇ vir die oudste vorm op die taalkaart aanwesig.

Blou ▲ (kaeter.)

Blou met kontoerlyn ▲ (kéter).

Pers ◇ (boarre) wat net in 'n bepaalde geslote gebied voorkom.

Groen ◇ (katrol).

Die kaart is baie oorsigtelik en die spraakgebiede duidelik onderskeibaar.

/... Die

Die Duitse Taalatlas maak van pentekens gebruik, in die vorm van eenvoudige onderskeidende tekens. Slegs swart word gebruik. Die gevolg is dat dit met die eerste oogopslag nie so oorsigtelik is soos die Ndl. T.A. of die ATA. nie. By nadere beskouing vind 'n mens egter dat die materiaal d.m.v. die eenvoudige onderskeidende tekens baie noukeuriger en vollediger op die kaart aangebring is. Dit verduidelik die feit dat vir elke variant 'n aparte teken gekies is. Hier word nie gebruik gemaak van die metode om vir 'n paar minder belangrike variante dieselfde teken te plaas soos in die ATA. nie. As voorbeeld noem ek die zwei-kaart, (no. 103, sarz 33.) (skaal 1:2,000,000).

! zwei	— zwein	X swei
· zwei	— zwien	X swao
⊥ zwei	— twei	X swä
┌ zwa	↘ tweii	
└ zwaä	— twa	
└ zwae	↘ twäö	
┌ zway	↘ dwei	
└ zwaia	↘ dwai	
└ zwi		

Hiervolgens is dit duidelik dat die tekenkeuse heeltemal ander eise stel as die atlasse wat van kleure gebruik maak. Die besondere tekens is ook gerieflik kleiner as die stempeltekens waarvan die ATA. en die Ndl. T.A. gebruik maak. Hierdie metode is die oplossing vir 'n digbewoonde gebied waar 'n mens volledigheid wil verkry. Om die oorsigtelikheid te verhoog, is isoglosse getrek wat die taalgebied in kleiner dialektiese eenhede verdeel, bv. vir zwe-, zwa- en zwie.

H O O F S T U K IV.

'n Bespreking van vier van die kaarte in die ATA.
onder die volgende hoofde:

- A. 'n KLANKKAART: Bobbejaan.
- B. 'n WOORDKAART: Hoep-hoep.
- C. 'n KAART AS AANVULLING BY 'N VERWANTE KAART: Die
appelliepie-kaarte.

DIE BOBBEJAANKAART, (ATA. afl. 1 no. 1)

Die ordening van gegewens berus in hoofsaak op die prinsipe van sillabifikasie, met die oog op historiese interpretasie. Die vorm wat op „b” (met variant „p”) eindig kan eensillabig wees, terwyl die vorm wat op „v” eindig dit nie kan wees nie. Ons het hier met die fonologiese v/b wisseling te maak en daarom kan die kaart in hoofsaak as 'n klankkaart bestempel word. Die oudste vorm baviaan word deur 'n swart kol aangedui, en die jongste vorm bojaan deur 'n rooi driehoek. Die vraag kan wel gestel word: waarom rooi vir die variante wat die verste van die oorspronklike af staan? Die oorweging was wel dat bojaan in Afrikaans 'n baie opvallende afwyking is.

Die jongste variant toon 'n lokalisasie in die gebied IR, KR, in die suide, en 'n oostelike verspreiding in 'n smal strook langs die kusgebied tot by die Sondagsrivier, KU 60. Die oudste variant het bewaar gebly in die geslote gebied van Namakwaland, IP 1. Die tussenstadiums bobbe- en bawwejaan kom sporadies voor in Namakwaland, die suidelikste punt en verre Noord-Transvaal. Laasgenoemde word in aansluiting by die oudste vorm deur 'n sirkel voorgestel (variasie van 'n kol). Die algemeen-beskaafde

/... vorm

vorm bobbejaan, word deur 1 voorgestel, en kom oor die hele gebied voor. Dit vorm 'n agtergrond van swart, Onopsigtelike tekens. Variante wat slegs sporadies voorkom soos bobjan /bobtjan, word deur 2 aangedui.

Meestal is die grens nie 'n lyn tussen twee vorme nie, maar slegs die begrensing van een verskynsel. Die juistheid van Weijnen (p. 63) se bewering dat 'n historiese blik geen grense onderskei nie, maar wel oormekaarskuiwende lae, blyk al uit die eerste kaart van die ATA. Tussen bobbejaan van die noorde, en bojaan van die suide, is daar nie 'n grenslyn te trek nie; wel 'n lyn wat die bojaan-gebied bepaal. Die twee gebiede skuiwe oor mekaar heen. Vlakke is daar op ons kaarte dan wel te sien.

Hierdie vlakke kan groter of kleiner wees, soms maar net 'n paar stippels op die kaart, soms selfs net een. Die verspreiding van hierdie vlakke, (soms net enkele stippels) oor die spraakgebied is van die uiterste belang, net soos die grense daarvan.

Schmeller het reeds daarop gewys dat die dialekte dikwels ou vorme bewaar wat in die skryftaal reeds lank in onbruik geraak het. Nou toon die kaarte hierdie vorme aan soos wat hulle oor die gebied verspreid lê. Naas die bobbejaankaart (ATA. Afl. 1 no. 1,) die bojaan-variant, ook nog die kokkewiet-kaart, (ATA. afl. 6 no. 30,) daarvan die kokkewyt-variant, en die kaart oor 'n dik sny brood (ATA. afl. 6 no. 28,) die variant rantsoen.

Taalvorme wat in die geskrewe taal histories opmekaar volg, kan dus dikwels op kaarte, d.w.s. geografies, naas mekaar aangetref word. So 'n kaart verskaf dan 'n reeks skakels om sodoende 'n hipotese te maak van die ontwikkeling van 'n woord. In die skriftelike oorleweringe

/... ontbreek

ontbreek daar altyd baie skakels in die ontwikkeling van elke taal. Met behulp van die taalkaarte kan baie ontbrekende skakels opgespoor word.

Die eerste kaart van die ATA. verskaf die hele reeks skakels wat nodig is om die ontwikkeling van die woord op Suid-Afrikaanse bodem te rekonstrueer: van baviaan tot by bojaan. Baviaan is opgeteken op enkele plekke in Wes-Kaapland (Kamieskroon en Vanrhynsdorp) 'n streek wat meermale ou, enigsins argaïstiese vorme op die taalkaarte vertoon. Die verwagte ontwikkeling volgens die normale klankoorgange in Afrikaans is bawwejaan of babbejaan. Albei die vorme kom ook inderdaad op die taalkaart voor, en nogal op verskeie plekke in dieselfde streke waar baviaan opgeteken is. (IP 4 Kamieskroon en HP 19 Springbok)

Die volgende stap in die ontwikkeling is bobbejaan en bowwejaan, wat òf parallel uit babbejaan en bawwejaan onderskeidelik kon ontwikkel het, òf die een uit die ander. Uit bobbejaan en/of bowwejaan is dit weer een stap verder na bô-ejaan (boijaan) wat op sewe plekke opgeteken is, en almal, behalwe een binne die bojaan-gebied val.

Die geografiese verspreiding dui dus op 'n verband tussen bôejaan en bojaan. Dit is ook voor die hand liggend dat die een uit die ander ontwikkel het, met bôjaan as tussenstadium. Dat bojaan hier en daar verder tot boejaan sou ontwikkel, is in ooreenstemming met die Bolandse uitspraak. Uit wat geografies langsmekaar lê kan 'n mens soms - miskien selfs diksels - die geskiedenis van 'n woord so rekonstrueer. Maar wat geografies naas mekaar voorkom, hoef nie altyd in die geskiedenis op mekaar te volg nie. Dit is moontlik dat die vorm baviaan

/... vandag

vandag in Afrikaans aangetref word onder invloed van die hedendaagse Nederlands.

Om 'n mens hier die weg te wys, moet gelet word op die geografiese verband: wáár bepaalde vorme voorkom in vergelyking met ander; hoe dit vergelyk met soortgelyke gevalle op ander taalkaarte, of dit die gewone patroon volg van die klankoorgange in daardie streek; en wat die ou dokumente oor die geval bewaar het.

DIE HOEP-HOEP-KAART, (ATA. afl. 1 no. 2.)

Van hierdie kaart is prof. Mitzka se woorde sprekend: „Die Wortkarten bezingen eine mundartgeographische mietlerschichtliche freude am Wort, am Wortwahl, am Wortschöpfung.... Einem groszen Bedarf an Wörtern hat das praktische Leben." (Z.f.M. p. 86)

Op hierdie kaart vind ons 'n groot versameling van woordmateriaal. Die groepering van gegewens kan onder die volgende hoofde ingedeel word:

(i) Nuutskeppinge:

Katryn Platvoet, kafferpappegai.

(ii) Klanknabootsing:

hoep-hoep, hoepoe, hoeboe, woeboue, hippo, hoppo, hophop, hoet-hoet, toet-toet, hoephoef, woep-woep, koekoek, koekoe, koekoekvoëltjie, doringkoekoek.

(iii) Bygeloof:

Nuwejaarsvoël, nuusdraer.

(iv) Geskiedkundige oorlewering:

Salomoeskroon, goue kroontjie, nuusdraer.

(v) Voorkoms beskrywend:

Kuifkop, bontkuifkop, kuifkopduikertjie, hamerkop, pietjie-hamerkop, kamkoppie (-voëltjie, -duif)

/... koekampie

koekampie, doringkuif, sebravoël, pikbek, stinkvoël, bontvoël.

(vi) Inboorlinginvloed:

Magerrie (nagmerrie) Tswana

Kokkeseep (Hottentots)

Boboi (Xhosa)

(vii) Gewoonte-beskrywend:

Miervreter, -voël, rysmiervoël, perdevoëltjie, skaapwagttertjie, mistrappertjie, wurmvoël, houtkappertjie, boomkapper, hansie, evahoendertjie.

(viii) Verwarrings:

doringduif, koringduifie, diedrikkie, paradysvoël, kalkoentjie, kommandovoël, troupan, loerie.

Die woordvariante word deur 'n groot verskeidenheid van tekens in rooi aangedui. Die klankvariante word deur swart simbole aangedui. Vir die eerste drie hoofgroepe van variante word variasies van die sirkel gebruik (hoep-hoep, hoepoe, hoet-hoet). Vir die laaste groep van klanknabootsende variante (koekoek -) word 'n driehoek met variasies gebruik.

Op die kaart is daar nou wel nie 'n besondere patroon te sien nie, maar dit is weer van belang oor die groot hoeveelheid leksikografiese materiaal wat dit oplewer, wat andersins moeilik sou wees om te versamel.

Die primêre vraag wat 'n mens jouself afvra wanneer so 'n groot hoeveelheid, en sulke variërende woordmateriaal voor jou lê, is: wat moet opgeneem, en wat moet verwerp word? 'n Mens gaan uit van die standpunt dat elke segsman (mens) nie ewe oplettend is nie; en dus nie alle voëls van sy besondere omgewing kan onderskei soos sy meer oplettende buurman nie. 'n Ander punt van belang is dat die besondere voël dalk nie orals voorkom nie. Die

..... lewerik

lewerik bv. hou in die oop veld, ook naby rantjies en koppies. Die flap hou ook in die oop veld, maar verkies daarenteen 'n vleiagtige omgewing.

Die benaming houtkapper kom verspreid oor die hele gebied voor. Wat die verskil in voorkoms tussen die hoep-hoep en die houtkapper aanbetref, is dit groot. Volgens Roberts is die hoep-hoep van die upupidae familie en gekenmerk deur 'n lang gepunte snawel, en 'n kuif op die kop wat soos 'n doring lyk wanneer dit toegevou is. Die voël kom hoofsaaklik in savannaveld voor, vanaf Kaapstad tot in die Kongo. (Roberts, verwysing 418).

Die houtkapper is van die Picidae-familie volgens Roberts, (verwysing 445-452,) en het 'n kort stewige snawel. Dit is 'n groen-bruin gespikkelde voëltjie, en meeste spesies het in die geval van die mannetjie 'n kenmerkende rooi kuif. Die houtkapper kom hoofsaaklik naby hoë bome, in akasiabosveld en woude voor. (Roberts, verwysing 445-452).

Om die voorkoms van die houtkapper-variante wat oor die hele gebied voorkom te verklaar, kan 'n mens die veronderstelling maak dat dit 'n voël is wat meestal net gehoor word. Met sy lang tone klou hy dikwels teen 'n hoë, soms droë boom vas, en vandaar hoor 'n mens die kenmerkende gekap. Hy verkry insekte uit droë stamme, en onder die bas van bome. As gevolg van die feit dat hy minder bekend is as bv. voëls soos 'n flap of 'n lewerik, kan 'n mens die verwarring wat blywend geword het verduidelik, en so aanneem.

By nadere ondervraging het dit geblyk dat die hoep-hoep wel deeglik as houtkapper bekend is, en wel by persone wat die „regte" houtkapper nie ken nie. Dit is moeilik om te verklaar. 'n Populêre uitleg is: die voël

/... stap

stap graag by die houtkapplek op die werf rond om wurms te soek wat uit die gekapte hout kom. Vandaar die naam houtkappertjie.

'n Benaming soos hamerkop en pietjie-hamerkop sou 'n mens ter syde wou stel omdat dit as foutiewe gegewens sou blyk. Wanneer die variante egter te kaart gestel word, vind 'n mens dat die benaminge op meer as net een plek van opname betrekking het. Dit sou dus fataal wees om sulke gegewens uit te laat. Vergelyk die hamerkop-variante by ATA. DO 8 (S.W.A.), HR 7 (Kalahari), KU 50 (Oos Kaap), HU 10 (Warrenton), GV 75 (Loskuil, naby Kroonstad). Dit is dus 'n aanneemlike variant net soos doringkuif, maar loerie kan moontlik 'n vergissing wees; daar is naamlik geen kontroleerbare aanleiding tot hierdie benaming nie. Daarom sou dit raadsaam wees om so 'n variant nie op te neem sonder verdere navraag nie. (Vergelyk ook die variant kommandovoël.)

Die interessante benaming koringduif sou 'n mens verwonder laat: die voël is geen duif nie, en kan as insekte-eter nie met koring in verband gebring word nie. Die variant kom slegs op een plek voor by CX 3 (Suid-Rhodesië). 'n Stappie terug bring ons by die gegewens van doringduif(ie), KS 45 (Ladismith-omgewing), LS 32 (Bredasdorp), LS 13 (Riversdalomgewing), LT 6 (Knysna), FV 64 (Skeerpoort, Tvl.), GW 20 (Bethal), FW 37 (naby Dennilton, O. Tvl.) en GU 47 (naby Jan Kemp, O.V.S.). Hiervolgens word gelees dat die benaming 'n setel het in die Oos-Kaap, en dan verder sporadies in die Transvaal en Vrystaat voorkom.

Nog 'n stappie terug en ons kom by die doringkuif-variant by KS 54 (naby Montagu), KS 43 (Ladismith), en KR 97 (Heksrivier-omgewing). Dit is 'n logiese benaming vir die besondere voël, die doring kan verband hou met die kuif van die voël wat soos 'n doring op die kop lyk wanneer

/... dit

dit toegevoeg is. Die variante doringduif (KS 45) en doringkuif (KS 43) kom binne omtrek van tien myl van mekaar af voor. 'n Veronderstelling kan gemaak word dat die k > d wisseling hier plaasgevind het, en verder noordwaarts versprei het. 'n Verdere omvorming, en ons kry die interessante benaming koringduif. Die drie variante kan bloot op die klank af met mekaar in verband gebring word.

Netso interessant is die benaming „nagmerrie”, wat buite verband blyk te wees met die ander variante. Die inligting kom egter vanaf twee medewerkers, een by IU 22 (Venterstad, K.P.), en die ander 150 myl daarvandaan by HW 5 (Bethlehem, O.V.S.). Dit mag wees dat iemand die Tswana benaming magerrie (GV 32, Potchefstroom-omgewing) of makherie (volgens my Tswana huisbediende) nie goed gehoor het nie, òf dalk sleg onthou het, en nagmerrie wat meer aanvaarbaar is vir Afrikaans, daarvan gemaak het. Dit is dus moontlik 'n geval van volksetimologie.

Die benaming kafferpappegaai kan miskien in verband gebring word met hierdie benaming vir die pampoembek, wat algemener is. Op die een of ander wyse kon die naam daar oorgedra word op die hoep-hoepie, veral waar die pampoembek nie bekend is nie, en die naam kafferpappegaai wel.

Hansie is wel daaruit te verklaar dat die voëltjies so maklik uit die hand grootgemaak kan word, soos ook dikwels gebeur.

Stinkvoël kom ooreen met die Nederlandse benaming drekhaan, stronthaan (W.N.T.) en die Engelse benaming dung-hill-cock (W.N.T.)

Eva-hoendertjie kan verband hou met die Nederlandse benaming hoendervogel (W.N.T.) wat 'n algemene benaming is vir alle voëls wat „in hul maaksel” en lewenswyse min of

/... meer

meer 'n ooreenkoms toon met gewone mak hoenders bv. patryse, poue, duiwe en dergelike voëls. Die voëltjie is mak, en stap graag op die werf rond. Eva- kan miskien verklaar word omdat die voëltjie met sy nuuskierigheid 'n ooreenkoms toon met die vroulike geslag, of dat hy met sy mooi bont rokkie 'n tipiese evatjie is.

Die benamings salomoeskroon, goue kroontjie en nuusdraer is toe te skryf aan 'n ou legende. (N.E.D., verwysing 1708). Daarvolgens het koning Salomo en die koningin van Skeba 'n voëltjie met die naam Hud-Hud gehad, dit is die hoep-hoep, wat die boodskapper van hulle liefde was. Dit verklaar ook die benaming nuusdraer.

DIE APPELLIEPIE-KAARTE, (a) Die wilde appelliepie-kaart, (ATA. afl. 6 no. 26)(*physalis angulata*-Linn), en (b) die mak-appelliepie kaart, (ATA. afl. 6 no. 27.)

Daar word soms kaarte in 'n taalAtlas opgeneem wat opsigself nie publikasie sou regverdig nie. Wanneer dit egter aanvullend by 'n verwante kaart opgeneem word, kan dit besondere resultate lewer.

So 'n geval word gevind wanneer die kaart van die wilde appelliepie teenoor die mak appelliepie kaart geplaas word. Wat hier opval, is dat die kleur- en tekenkeuse dieselfde is vir beide kaarte met die oog op vergelyking. Dit is dus nog 'n faktor wat in aanmerking geneem moet word by die ontwerp van taalkaarte.

Die appelliepie is nie 'n belangrike vrug nie - dit is nie so algemeen bekend soos 'n appel of 'n perske nie. Sy naam word net genoem deur boere, (as 'n onkruid is dit veel onbelangriker as bv. 'n kakiebos) of deur huisvrouens wat van die mak appelliepie konfynt kook.

/... Aanvanklik

Aanvanklik het dit dieselfde benaming appel-der-liefde gehad. Die eerste kaart, d.w.s. die van die wilde appelliepie, lees die volgende: daar word 'n oorheersende onderskeiding gemaak met wilde appelliepie teenoor appelliepie (mak) van die tweede kaart.

Die wilde appelliepie variant kom voor in die suid- en suidwestelike Kaap en versprei sporadies ooswaarts tot in die Vrystaat en Transvaal. Die ou vorm nl. appel-der-liefde kom nog verspreid op tien plekke oor die gebied voor: GX 11 Wakkerstroom, GX 20 Utrecht, HV 36 Bloemfontein, HU 47 Jagersfontein, IU 22 Venterstad, KU 5 Humansdorp en verder by LS 31, KS 47, LU 5, IV 20.

Die ou variant is dus minder bekend. In die gebied wat strek vanaf IU 8 (Phillippolis), tot in die Noord-Transvaal, word 'n oorheersende variant nl. gooseberry (wilde-) gevind. Oor die res van die gebied kom dit slegs voor by IT 20 Hutchinson, KU 37 Oos-London en KV 50 Oos-London distrik. Van die kaart van die mak-appelliepie kry 'n mens 'n gans ander beeld. Die eerste wat opval is die groot gebied, nl. Oos-Vrystaat en Transvaal, waar die ou vorms appel-der-liefde en appelliefde bewaar gebly het. Dit kom oorheersend voor naas appelliepie. Die gooseberry-variante kom slegs sporadies voor.

'n Veronderstelling kan gemaak word dat in die geval van die mak-appelliepie dit meer bekend is vanweë die bruikbaarheid vir die kook van konfyt, as die wilde-appelliepie. Die benaming appel-der-liefde sou dan op die wyse makliker bewaar gebly het as in die geval van die wilde-appelliepie.

Die Engelse benaming gooseberry sou dan verder makliker aanvaarbaar wees vir die minder belangrike vrug. Om te onderskei, was die vreemde woord dus meer aanneemlik.

/... Hierdie

Hierdie woord kom in soveel verskillende vorms voor, hoofsaaklik omdat dit so min in die omgangstaal gebruik word.

- a. appel-der-liefde, appeldeliefde, appeldeliefie, appel-liefie.
- b. appel-der-liefde, appeldeliefde, appelliefde, appelliefte, appelliepte, appelliepie.
- b. appel-de-liefde, appeldeliefde, apdeliefde, apteliefde, aptelieft.

Nogtans kan in 'n mate 'n appelliepie-gebied in die suidelike Kaap afgebaken word, en 'n appelliefie-gebied in die Oos-Transvaal. Dit is moontlik dat appelliepie deur assibilasie uit appelliefie tot stand gekom het. Dit is egter moeilik te verklaar. Hier moet die geografiese verbreiding lig werp. Dit is egter nie duidelik uit die kaart nie omdat die drie vorme appelliepie, appelliefie en appelliepte verspreid oor die hele gebied voorkom. „Dit is duidelik dat die ontwikkeling van die woord tot die verskillende vorme reeds plaasgevind het voordat Afrikaans oor die groot oppervlakte van vandag verspreid was! (Taalgeografie, p. 50-51).

Woorde soos dié wat in die omgangstaal selde gehoor word, en wat nog nie deur die pers, radio en skoolboeke gebruik word nie, is ideaal vir opname in 'n taalatlas, soos byvoorbeeld benaminge vir voëls, insekte, reptiele, onkruid-- en plantsoorte. As voorbeeld hiervan in die ATA. kan genoem word die kokkewietkaart, (afl. 6 no. 30,) die flapkaart, (afl. 4 no. 20,) die oorkruiperkaart, (afl. 2 no. 8,) die stinkblaar-kaart, (afl. 7 no. 34) en die varkblomkaart, (afl. 4 no. 19.)

Kaarte van dergelike woorde bied aan ons 'n interessante prentjie met dikwels begrensde spraaklandskappe en 'n veelheid van variante.

B I B L I O G R A F I E.

- Afrikaanse Fonetiek. sien Le Roux.
- Ais. sien Jaberg.
- Album Grootaers. Album aangebied aan prof. Grootaers
Gravenhage, 1950.
- A.L.F. sien Gillieron.
- ATA. sien Louw. Afrikaanse Taalatlas.
- Bach, A. Deutsche Mundartforschung.
Heidelberg, 1934.
- Blancquaert, E. Na meer dan 25 jaar dialectonder-
zoek op het terrein. Tongeren,
1948.
- Daan, J.C. en
Meertens, P.J. Toelichting bij de taalAtlas van
Noord- en Zuid-Nederland.
Amsterdam, 1963.
- De Saussure, F. Course in general linguistics.
London, 1960.
- Gillieron, J. Atlas linguistique de la France.
35 afleverings 1902-1910.
- Heeroma, K. Taalatlas van Oost-Nederland en
aangrenzende gebieden. Assen.
- Jaberg en Jud. Sprach- und SachAtlas Italiens
und der Südschweiz. Eerste
aflevering in 1928 en in 1942
voltooi met 1681 kaarte.
- Kloeke, G.G. De Hollandse expansie. s'Graven-
hage, 1927.
- " " Verzamelde opstellen. Assen,
MCML 11.
- Kloeke, G.G. en
Grootaers, L. Taalatlas van Noord- en Zuid-
Nederland. Leiden, 1939.
- Kurath, H. Handbook of the Linguistic
Geography of New England. Brown
University, 1939.
- " " Linguistic Atlas of New England.
Brown University, 1939.
- L.A.N.E. sien Kurath. Linguistic Atlas of
New England.

/....

- Le Roux, T.H. en J.J. Middelnederlandse grammatika. Pretoria, 1951.
- Le Roux, T.H. en Pienaar, R. deV. Afrikaanse Fonetiek. Kaapstad, 5e druk.
- Louw, S.A. Afrikaanse Taalatlas. Pretoria, eerste uitgawe 1959.
- " "
- " "
- " "
- Martin, B. Die deutsche Volkssprache. München, 1939.
- Mitzka, W. Handbuch zum deutschen Sprachatlas. Marburg, 1952.
- " "
- Ndl. T.A. Studienführer. Heidelberg, 1943.
- N.E.D. sien Kloeke. Taalatlas van Noorden en Zuid-Nederland.
- N.N.T. A new English dictionary. Oxford, 1901.
- Ohd. sien Te Winkel.
- Pienaar, P. Ouhoogduits.
- Reichling, A. Praat u beskaafd? Johannesburg, 1939.
- Reichling e.a. Verzamelde studies. Zwolle, 1961.
- Roberts, A. Taalonderzoek in onze tijd. Den Haag, 1962.
- S.D.R. Birds of South Africa. Cape Town, 1961.
- Taalgeografie. sien Wenker.
- Te Winkel, J. sien Louw.
- T.O.N. De Noordnederlandsche tongvallen, Afl. II. Leiden.
- T.O.T. sien Heeroma.
- sien Reichling.

/...

- | | |
|---------------------------|--|
| <u>Ug.</u> | Oergermaans. |
| <u>van Ginneken, J.</u> | De studie der Nederlandsche
streektaalen. Amsterdam, 1943. |
| <u>Verwijs en Verdam.</u> | Middelnerlandsch Woordenboek. |
| <u>Vidos, B.</u> | Handboek tot de Romaanse Taal-
kunde. Malmberg, 1956. |
| <u>Weijnen, A.</u> | Nederlandse dialectkunde. Assen,
MCMLVIII. |
| <u>Wenker, G.</u> | Sprachatlas des deutschen Reiches.
Verskyn tussen 1889-1925 met
1650 kaarte. |
| <u>Z.F.M.</u> | sien Louw. Zeitschrift für Mun-
dartforschung. |

-----oOo-----